

Graad 7 Drama: Week 3: Opwarming en karakterisering/karakteruitbeelding

1. Openingsoefening: Aktiwiteit 6 (Bl. 95) – Dit bring fisiese en vokale aktiwiteite bymekaar

- Hierdie aktiwiteit duur 10 minute
- Lees deur Aktiwiteit 6 (Klank- en bewegingspatrone) op bl. 95 van jou handboek.
- Voer die aksies uit. Hierdie aktiwiteit moet jy saam met jou ma/pa/suster/broer doen.
- Die doel van hierdie aktiwiteit is om vokale en fisiese kreatiwiteit te ontwikkel en bevorder. Jy word aangemoedig om ook buitengewone klanke te produseer. (LW: Moenie enige klanke in jou keel produseer nie, moenie die klank forseer nie en moet nooit skree nie.) Hierdeur ontwikkel jy ook jou luister-, reaksie- en samewerkingsvaardighede.
- Kyk na die volgende video vir voorbeelde van klanke wat geproduseer kan word: <https://www.youtube.com/watch?v=bgbmXuDPdhg>
- Interessante video vir later: <https://www.youtube.com/watch?v=mSB71jNq-yQ>



2. Lees die kort stukkie oor opwarming voor 'n optrede op bl. 96.

3. Doen aktiwiteit 7 (Opwarming voor optrede) (Bl. 96) – Jy kan dit saam met jou gesin of op jou eie doen

- Hierdie aktiwiteit duur 15 minute
- Lees deur die aktiwiteit en voltooi dit soos aangedui. Hierdie leidrade sal ekstra hulp bied:
 - Moenie jou skouers en/of borskas lig wanneer jy inasem nie. Dit is oppervlakkige asemhaling.
 - Voel met jou hande aan jou ribbekas en maag om seker te maak dit sit uit.
 - Tel tot 3 wanneer jy jou asem ophou. Jy moet egalig uitasem. Moenie alles gelyktydig uitblaas nie. Jy doen dit so stadig as moontlik.
 - Moenie hier jou maag intrek om alles uit te kry soos by stap 3 nie. Fokus net op jou asemhaling en om dit egalig en ontspanne te laat geskied.
 - Moenie jou maagspiere intrek nie. Dit sal spanning veroorsaak. Kies enige noot om op te neurie. Kyk na week 2 se notas oor die neurie en hoe om dit korrek te doen. Moenie die klank forseer of in die keel druk nie.
 - Staan egalig op. Moenie opspring nie. Moenie rof skud nie.
 - Dit is belangrik om jou woorde in die tongknopers duidelik uit te spreek anders gaan jy oor die woorde val. Artikuleer jou woorde. D.w.s. maak die konsonante skerp en duidelik.
 - Soos wat jy in asem, lig jy jou arms op (dit is wat hulle bedoel met “swaai jou arms in die lug op”). Dit is 'n vinniger opwaartse beweging van die arms.
- Die doel van hierdie aktiwiteit is om jou van jou asemhaling sowel as jou liggaam bewus te maak. Dit help ook met fokus en konsentrasie.



4. Lees “Karakterisering of karakteruitbeelding” onder “Storievertellingstegnieke” (Bl. 99)

5. Lees deur Aktiwiteit 10 (Die dramatisering van die volksverhaal) op bl. 100.

- In week 1 het ek reeds dramatisering genoem.
- Dit is 'n aktiwiteit wat julle in die klas in groepe sou doen.
- Dit is nie verpligtend vir vandag se les nie. Dit is vir pret: Jy kan die volksverhaal wat jy in week 1 gelees het nou neem en dit op jou eie dramatiseer. M.a.w. verskillende stemme vir elke karakter, ens. Jy kan dit saam met jou gesin ook doen. Jy kan dit enige tyd vir ontspanning doen.



Bonus musiek (Orkestrale Disney treffers):

<https://www.youtube.com/watch?v=jUa1xgdjGCo>; <https://www.youtube.com/watch?v=K3gja0Zxc-g>